## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com

**ACIM Stad: 6 Augustus 19h30**
**ACIM Kolping: 16 Augustus 19h30**

**BOEKGROEP**
**Maandag 6 Augustus 19h00**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM
## 5 AUGUSTUS 2018
## GOD MOVES
## – IN MYSTERIOUS WAYS –

## STILTE IN DIE KAPEL

~ BETWEEN YESTERDAY AND TOMORROW ~
— BARBRA STREISAND —

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

"Ek wil die Here loof! Here my God, U is baie groot,
U is beklee met koninklike luister,
U is met 'n kleed van lig omhul.
Dit is U wat die hemelkoepel soos 'n tentdoek gespan
en vir U 'n woonplek ingerig het oor die waters daarbo,
U wat op die wolke ry, op die vleuels van die wind,
U wat die winde u boodskappers maak, die weerligte u dienaars,
U wat die aarde stewig gevestig het,
sodat dit nooit sal wankel nie.

**— Psalm 104:1-5 —**

"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan
en om om te draai nie,
want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly;
u volk is my volk; u God is my God;
waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word.
Mag die Here so aan my doen en selfs meer
want net die dood sal ons skei."

**— Rut 1:16-17 —**

# — Verhale van Vroue in die Verbond —

"Juda was die vader van Peres en Serag by TAMAR ... Salmon was die vader van Boas by RAGAB, Boas van Obed by RUT ... Dawid was die vader van Salomo by die VROU VAN URIJA ..." — Matteus 1:3,5-6

**Asenat (Gift from Ra)** — dogter van **Potiphera**, hoëpriester van On trou met **Josef** (Zaph'enath-Pane'ah), 48 jaar 'Visiere van Egipte' onder andere in beheer van Graan, en moeder van **Manasse** en **Ephraim**.

1. Josef in Egipte wat drome uitlê in beskermer van die 'Huis van Brood'
2. Asenat uit priesterhuis, geletterd en aristokrasie, gee Josef burgerskap
3. Verbondsmoeder van twee seuns wat met Kanaänitiese meisies trou
4. Sleutel in die vestiging van 'n monoteïstiese Godsbeeld as Oppergod

**Rut (Companion/Compassion)** — Moabitiese skoondogter van **Naomi** (Gracious One) en **Elimeleg** (my God is Koning), na man en seuns se dood gaan terug na Bethlehem (Huis van Brood) en trou met **Boas** (powerful/protector), gee geboorte aan **Obed** (oupa van Dawid)

1. Moabiete was 'vyande' en afstammeling van Lot met sy dogter
2. Rut is die verhaal van lojaliteit, getrouheid en 'n stukkie opportunisme
3. In die 'verleiding' van Boas word sy deel van die stamregister van Jesus
4. Word uitgebeeld as die vrugbaarheidsgodin in vergelyking met Kadesh

**Ester (Star)** — beeldskone weeskind wie se oom Mordegai (warrior) reël dat sy in harem van Koning Ahasveros opgeneem word en koningin word van die Persiese Koninkryk van Susa.

1. Haar woorde, *"so kom ek om dan kom ek om"* is dapper vir haar volk
2. Sy onmasker Haman vir sy slinkse planne en red die Joodse volk
3. 'n Vakansiedag (Purimfees 20/21 Maart) word na haar vernoem
4. Ester (Ishtar) & Mordegai (Marduk), Haman (Humman) & Vashti (Mashti)

"Dit is die maand waarin hulle angs in blydskap verander het en hulle rou in feestelikheid. Hulle moes dit dae van feesviering en vreugde maak en aan mekaar eetgoed en aan die armes geskenke stuur." — Ester 9:22 (Purimfees)

**GOD MOVES IN MYSTERIOUS WAYS** — Puah, Shiphrah, en Bithiah wat Hebreër seuntjies red van die Nyl; Noadia en Debora profetesse; Ataliah was koningin van Juda; Samaritaanse vrou by die put; Maria Magdala, en Salome.

**Will you allow God to move you beyond the ordinary?**



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ REMEMBER ME — EIVOR ~

U was beeldskoon teen sonsondergang
U was beeldskoon teen dagbreek —
pad na my eindpunt
geloof van my wortels
helper van my reis
besluitnemer van my tog ... ek dank U.
Die dag toe ek gebore is
het U op my uitgestort soos 'n waterval
U gees is heilig,
U woord laat my skuil,
want ek is niks.
Wat is ek anders as pasgeborene?
U hou aan om my te red van die wêreld
selfs al is ek 'n riet in die water
hou U my
en stuur U maan met die lewe
vir ewig en altyd.
U is my pragtige bruid
U versorg my sodat ek nie êrens afval nie
sodat ek sterk staan soos hoofman Nyabela
omdat U na my kyk
omdat U na my bly kyk.

**— Die Ndebele digter: Johannes Thengi Jiyane —**

## Be the Awareness of the Presence of God

~ HEAVEN STOOD STILL — WILLY DEVILLE ~